

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen die Bybel as die Woord van God en die Bybel as sogenaamde boodskappies tussen God en mense. God se Woord is sy skeppende woord en deur sy Woord skep Hy in ons geloof in Hom as teenwoordige Here en bring hy ons tot aanbidding as die teenwoordige Here. Die Bybel is nie boodskappies van God wat aan ons interpretasie en verstaan voorgelê word waarin ons vir onself geestelike boodskappies kan vind nie. Dit is God se Woord waarin hy homself openbaar op so wyse wat ons in Hom as Here glo en Hom as God aanbid.

Skriflesing Johannes 1: 1 – 4; 5: 30 – 47; 20: 26 – 30

Teks Johannes 5: 39 ,40 "Julle ondersoek die Skrif omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry." En dit is juis die Skrif wat van My getuig. Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kry nie.

Tema Christus is God se Woord nie God se whatsappboodskappie nie

1. Die kinders! Daar is 'n groot verskil tussen jou pa se woord en 'n whatsappboodskappie!

Wat dink julle gaan gebeur wanneer jou pa jou roep van die sitkamer af terwyl jy in jou kamer is en jy antwoord hom met 'n whatsappboodskappie waarin jy vir hom sê hy moet vir jou 'n whatsappboodskappie stuur om vir jou te sê wat hy wil hê? Jy gaan in verskriklik groot moeilikheid wees want hy roep jou om na hom toe te kom en met jou whatsappboodskappie is jy met niks anders besig nie as om te weier om sy woord te hoor.

Kyk wat sê die Here vir die Jode!

Hulle soek die ewige lewe in dit wat ons vandag die Ou Testament of die Bybel sal noem, maar hulle kom nie na Hom toe om die ewige lewe te kry nie.

In ons voorbeeld klink dit wat die Here hier vir die Jode sê só: "Julle is so besig met whatsapp en julle leef julle só in julle whatsappboodskappies in dat wanneer ek julle roep om saam met My te leef, julle nie nie My toe kom nie."

Wat maak hulle?

Hulle maak van die Bybel iets waarin hulle hul inleef in plaas daarvan om saam met die Here die ewige lewe te leef.

2. Omdat die Jode dit doen, gebeur daar 'n baie vreemde ding soos die Here dit uitwys in Johannes 5: 47 "Maar as julle die geskrifte van Moses nie glo nie, hoe sal

julle my woorde glo?” Hierdie kritiek van die Here beteken dat omdat hulle nie die Woord van God in die Ou Testament glo nie, glo hulle ook nie die woorde van Jesus oor Homself as die Messias nie.

Hoekom nie?

Jesus openbaar in hierdie woorde die sonde waarmee hulle besig is. Die openbaring van hul sonde lê in die kontras dat hulle nie die Skrifte glo nie, omdat hulle nie Jesus se Woorde glo nie. Die kontras gaan oor die verskil tussen lees die Skrif en glo in die Here se Woord. Hulle het die Ou Testament só gelees dat hulle nie Woord van God in die Ou Testament gehoor het nie.

Hierdie teenstelling tussen net die Skrifte lees, maar nie die Woord van God hoor nie, wys al in die eerste sin van die Johannes evangelie waarin hy aankondig dat Jesus Christus is die Woord. In die begin toe God die skepping gemaak het, was Christus toe in en met die skepping die Woord, Christus was self met God en self God die Skepper waardeur alles tot stand gekom het. Christus is hoe God spreek en Homself bekend maak as God.

Daarom stel Christus ook in Joh. 5: 36 en 37 dat die Vader en die werk wat Christus vir die Vader doen, getuig wie Hy is. Met hierdie aankondiging wys Christus dat die werke wat Hy vir die Vader doen, om vir sondaars gebore te word, te ly, gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan, is hoe Christus God se Woord is. In wie Christus is en wat Hy doen, is Hy self God wat met ons praat. Hy is die Woord van God wat ons roep om met Hom as God te leef en Hom as God te dien.

3. Daarom stel die Here Jesus dat die Jode kan nie God se Woord glo nie. Hulle glo nie sy Woord in die Ou Testament nie en daarom glo hulle ook nie in die werke van Jesus, sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding nie.

Hoekom nie?

Dit is wat Jesus se openbaring oor hulle ongeloof uitwys. Hulle wil die Skrifte lees, maar hulle wil nie die Woord van God in die Skrif glo nie.

Volgens ons voorbeeld van die verskil tussen 'n pa se woord en sy whatsappboodskappie werk dit dan só!

Wanneer 'n kind se pa hom roep, moet die kind nie maar net hoor sy pa roep hom nie. Nog minder mag hy op sy bed lê en probeer om met sy pa oor die foon 'n whatsappgeselsie aan te knoop. Wanneer hy die roep hoor moet hy glo! Hy moet glo my pa wil my by hom hê en in hierdie geloof hoor hy nie maar net hy roep nie. In hierdie geloof staan hy op en gaan na my pa toe en sê: “Hier is ek”. Ek glo jy wil my

by jou hê en daarom kom ek na jou toe om met jou te wees en vir jou diensbaar te wees.

Dit is wat Samuel as kind moes doen toe die Here hom geroep het. Toe hy weet dit is die Here wat hom roep, het hy vir die gesê: "Praat, Here, u dienaar luister." (1 Samuel 3: 11) Voor hy nie geglo en geweet het dit is die Here wat Hom roep nie, het hy gedink dit is sommer net Eli wat hom roep.

Om vir God 'n whatsapp te stuur wanneer jy God se Woord hoor, verander jy sy Woord wat jou in sy teenwoordigheid en tot sy diens roep, na 'n kletspraatjie met God. Dit is 'n daad van ongeloof in God wat spreek.

4. Dit is die verskil tussen om die Bybel te lees en te hoor en God se Woord te glo! Bybel lees en Bybellessie hoor, is om van God 'n whatsappboodskappie te kry en vir Hom 'n whatsappboodskappie terug te stuur.

Om God se Woord te glo, is om saam met Christus die ewige lewe te leef. Dit is die teenstelling in die Here se openbaring: die Jode lees die Bybel maar kom nie na die Here toe om saam met Hom die ewige lewe te leef nie.

Die Jode maak van God se Woord, die Ou Testament en die werke van die Here, God se boeke, God se boodskappies wat God vir hulle gewatsapp het. Hulle maak van die Woord van God, boodskappies van God.

Dit is die minagting en ontering wat 'n kind met sy pa maak wanneer hy vir hom 'n whatsapp stuur wanneer sy pa hom roep. Die roep van sy pa is die woord waardeur sy pa hom by hom en met hom laat wees om saam te eet, saam te stap, saam te werk, saam te praat en só saam te leef.

Maar die kind verander hierdie woord waardeur hulle saamleef na 'n boodskappie!

5. Hoe word die Woord van God net 'n boodskappie van God?

Die Woord van God word net 'n boodskappie van God wanneer mense God se Woord van God self skei asof dit twee verskillende dinge is.

Wat is 'n whatsapp? Dit is 'n boodskappie van iemand wat nie teenwoordig is en met jou saamleef nie, en met wie jy nie saamleef nie. Dit is nie meer die Persoon met jou se Woord vir jou maar net 'n boodskappie van 'n afwesige Persoon!

Christus is nie God se boodskappie van 'n God wat ver en afwesig is nie. Christus is self God en self die Woord. Johannes wys hierdie verskil tussen 'n Jesusfiguur wat net God se boodskappie sou wees en Christus wat God se Woord is, God wat

Homself as die teenwoordige Here openbaar met die aankondiging in Johannes 1: 14: die Woord het mens geword!

En toe?

Die krag van hierdie daad van die Here om God te wees wat mens word, sien ons in wat gebeur met mense wie glo dat Christus die Woord is wat mens geword het. Dit is weer een van die kenmerkende teenstellings in die Johannes Evangelie. Die Woord wat mens word, maak nie dat mense nou God se boodskap hoor nie. Hulle sien, nie hoor die Woord nie. Wanneer die Woord mens word, sien hulle die heerlijkheid van die Woord – Jesus Christus is die Enigste Seun van die Vader! Sien hulle die heerlijkheid dat die Woord is vol genade en waarheid.

6, Kyk hoe sien Thomas Jesus Christus as die Woord wat mens geword het: toe Hy die Here sine en aan sy liggaam as mens vat, reageer hy nie met die houding: “O, nou hoor ek die boodskappie nie!”.

Hy sien en glo die heerlijkheid van die Woord: hy aanbid Jesus Christus as God: “My Here en my God.” Wie die Woord sien en glo, Jesus Christus is God wat mens geword het om vir ons sondes te sterf en ons in te sluit in die genade en waarheid, aanbid God en leef saam met God die ewige lewe.

Net soos 'n pa wat 'n kind roep en hy glo sy pa se woord, staan op gaan na sy pa toe en leef en werk saam met sy pa, net so glo ons Christus die Woord van God, sien ons sy heerlijkheid en aanbid en dien hom as Here en God.

7. Hoe verskil God se Woord van 'n whatsappboodskappie?

Dit is presies wat die Jode met God se Woord gedoen het. Hulle het God van sy Woord geskei en sy Woord verander na God se whatsappboodskappie.

Wat maak 'n mens met 'n whatsappboodskappie?

- Jy sit dit op “silence” as jy besig is, om later te lees wanneer jy besluit jy het nou tyd om dit te lees, want dit is net 'n boodskappie wat iemand wat ver en weg is stuur om te lees. Sou dit iets dringends gewees het, sou hulle gebel het.

So maak die Jode en alle geestelikes God se Woord 'n boodskappie van 'n God wat ver en weg is, wat hulle lees wanneer hulle tyd vir God het. God se Woord is nie meer God wat teenwoordig spreek waarop hulle in geloof moet antwoord: “Hier is ek Here” nie.

- Net so maak hulle God se Woord 'n boodskappie wat werk deur dit te lees en te interpreteer: hoe is die boodskappie saamgestel? Wanneer was dit geskryf en gestuur gewees? Wat is die bedoeling van die boodskappie? Watter lettertipe is gebruik? Waaroor sou dit nou eintlik gaan en wat sou God nou eintlik met hierdie boodskappie wou hê?

So maak die Jode en alle geestelikes asof God se Woord 'n boodskappie is wat betekenis kry en werk deur dit te interpreteer en uit te lê, terwyl God se Woord die krag is waardeur Hy alles skep, herskep, in diens stel en tot aanbidding bring. Dit is nie 'n boodskappie wat betekenis kry deur interpretasie en toepassing nie.

- 'n Whatsappboudskappie is 'n kletspraatjie. 'n Kletspraatjie is om vir mekaar oor en weer boodskappies en prentjies te stuur om somer net lekker te klets terwyl 'n mens nie tyd of lus het om bymekaar te wees nie. So maak Jode en geestelikes God se Woord 'n kletspraatjies van boodskappies, visioene en drome van God en mense vir nie vir mekaar daar is nie.

God se Woord skep nie kletspraatjies en kuiers nie, maar diens en aanbidding omdat dit die Woord van God is wat teenwoordig is en tot ons spreek.

- Kletskuiers is wedersydse boodskappies wat mense met mekaar deel per geleentheid en dan van lyn af gaan tot hulle weer geleentheid of lus het. So maak Jode en geestelikes God se Woord boodskappies vir spesiale geleenthede waarvan hulle met God van lyn af gaan tot 'n volgende geleentheid.

God gaan in en deur sy Woord nooit met ons van lyn af en wag vir kletstyd nie. Deur sy Woord roep God ons en laat ons sy heerlikheid sien as teenwoordige God, laat Hy ons in sy liefde as teenwoordige Here glo en laat Hy ons saam met Hom die ewige lewe leef.

Boudskappies is bedoel om die lewende Here wat ons deur sy Woord aanroep, afwesig te maak.

8. Wanneer 'n mens jou in jou whatsappboudskappies begin inleef asof dit 'n lewe saam met mense is, dan verruil jy die regte lewe saam met mense vir 'n virtuele lewe met mense.

Wat is hierdie virtuele lewe?

Dit is 'n opgemaakte lewe wat nie regte die lewe met mense is nie. 'n Lewe saam met mense is nie 'n lewe waar mense vir mekaar afwesig is en net met boodskappies

saam leef nie. 'n Mens nie met mense se boodskappies saam nie, jy leef met mense saam.

Hierdie voorbeeld wys ons iets van die woorde van die Here: “Julle ondersoek die Skrif omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat van My getuig. Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kry nie.”

Mense wil hulle in boodskappies van die Bybel inleef asof dit die lewe met die Here is! Juis deur dit te doen, keer hulle hul self weg uit die ewige lewe saam met die Here wat met hulle is. Hulle verdiep hul self in 'n virtuele lewe binne in die boodskappies van die Bybel om die eise van 'n lewe met God te ontkom. Hulle inleef in Bybelboodskappies is die wyse waarop God afwesig maak en Hom nie glo, sien en aanbid nie, nes 'n kind wat op 'n pa se roepstem vir hom vra om 'n whatsapp te stuur.

Met hierdie inleef in Bybelboodskappies:

- a. Verander mense gebed as die aanroep en aanbidding van God na kletspraatjies met God.
- b. Verander hulle die “sien” van die heerlijkheid van Jesus Christus as Here deur sy Woord na die sien van prentjies en drome van God van God net soos asof God prentjies op whatsapp vir hulle moet stuur.
- c. Verander hulle die hoor van God se Woord na 'n telefoonoproep waarin hulle kamstig die “stem” van die afwesig God hoor as die alternatief om na die Woord van die teenwoordige Here te luister.

9. Hierdie manier waarop mense hul self in boodskappies van God verdiep om die teenwoordige Here in sy Woord te ontduik, gebeur ook al meer en meer in self die Bybelwetenskappe.

In hierdie wetenskappe word die Woord van God nie meer “gesien” en is die Bybel nie meer die Woord van God wat mense die heerlijkheid van die Here laat sien en glo nie, wat mense tot aanbidding van die Here bring nie.

Die Bybel word vir hulle die whatsappgroepie van mense se kletspraatjies met God waarin jy vra wat was die boodskappie van God en wat mense se verstaan van die boodskappie van God en dan moet jy die boodskappie van God vir hulle vir jouself verstaan – jy moet hulle boodskappie jou eie boodskappie maak!

Die Bybel is die Woord van God, nie God se whatsappboodskappie nie!

In sy Woord sien ons die heerlikheid van die teenwoordige Here, glo ons die Woord van die teenwoordige Here wat ons tot sy liefde en genade roep en aanbid ons die teenwoordige Here wat ons in sy Woord vind.

Ons leef die ewige lewe met die Here wat ons in sy Woord aan ons openbaar! Ons eer ons die lewende Here wat ons deur sy Woord aanspreek en keer ons nie in 'n selfgemaakte wêreld in waar ons met 'n afwesige God boodskappies uitruil nie.